



# Geloftevolk Koördineringskomitee

Posbus 22136  
Extonweg  
9313



Telefoon: 082 455 4303  
Vonkpos: vrkomitee@gmail.com  
Faks: 086 619 2695

# VOLKSVERGADERING

KENNIS GESKIED HIERMEE VAN DIE  
DERDE VOLKSVERGADERING  
VAN DIE GELOFTEVOLK VAN SUID-AFRIKA

**Tema:** Soek My en julle sal lewe – Amos 5:4b

**Datum:** D.V. 28, 29 en 30 Oktober 2011

**Plek:** Gemeenskapsaal, Orania

## Geagte Volksgenoot

Dit gaan toenemend slegter met die Blanke aan die Suidpunt van Afrika. Gruweldaad op gruweldaad word gepleeg, sonder dat iets daaraan gedoen word. *“Die jonkvrou van Israel het geval, sy sal nie weer opstaan nie; neergewerp lê sy op haar land, niemand rig haar op nie.” - Amos 5:2*

Dit voel dikwels asof ons Hemelse Vader Hom nie meer oor ons wil ontferm nie. Hy is tog die Beskikker van Volke en Nasies, en Hy sluimer nie, en Hy slaap nie. Ons huidige situasie getuig van ‘n strafgerig waaronder ons verkeer. Ten spyte van ons godsdienstigheid gaan ons ten gronde – Hos.4:6.

Amos het ‘n klaaglied aangehef onder soortgelyke omstandighede. Hy het egter ook ‘n oplossing voorgehou: *“Soek die HERE [JHWH], dan sal julle lewe, sodat Hy nie teen die huis van Josef uitbreek soos ‘n vuur wat verteer sonder dat iemand dit vir Bet-el kan blus nie.” – Amos 5:6*

Ons as Geloftevolk het grotendeels afgedwaal van die verordende weë, asook ons geloftes verslaak, daarom dat ons nou ten gronde gaan en al die werke van ons hande verwoes word – Lev.26:14-25, Prd.5:3-5.

**Eseg.33:11** “... Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë! Waarom tog wil julle sterwe, o huis van Israel?”

**Die Geloftevolk Koördineringskomitee nooi u hiermee uit om die beoogde Volksvergadering by te woon ten einde te ywer vir die soewereiniteit van u Volk op grond van ons Geloftes met ons Hemelse Vader, met mekaar en met ons nageslag.**

**Hierdie Volksvergadering word belê in opvolging van Volksvergadering 2009 te Vegkop en Volksvergadering 2010 te Bothaville – Nampo Park.**

Ingevolge besluite geneem tydens die vorige Volksvergaderings, waarop o.a. besluit is dat (a) Die Geloftevolk se vrywordingsproses geskoei moet wees op die nakoming van die Volksgeloftes, dat (b) dit Skrifgefundeerd moet wees, en dat (c) dit 'n Teokratiese Staatsbestel vereis; rapporteer ons as volg:

1. Dat die hersiene en uitgebreide verslag oor die Teokratiese Grondwet ter tafel gelê sal word vir kennisname en verdere oorweging.
2. Dat die ondersoek na die outentieke bewoording van die 1838 Gelofte aan u bekend gemaak sal word, en dat die vergadering dan op verdere optrede in hierdie verband moet besluit.
3. Dat die ondersoek na die teenwoordigheid en invloed van geheime organisasies op ons Volkslewe, en die teenwoordigheid van okultiese simboliek binne ons Volksmonumente, onder bespreking gaan kom ten einde 'n standpunt daaroor in te neem.
4. Dat die Volk se betrokkenheid- en wyse van verootmoediging opnuut onder die loep geneem sal word.

#### **Spreekbeurte:**

Soos in die verlede word Volksgenote hiermee uitgenooi om spreekbeurte, wat betrekking het op die toekoms van die Geloftevolk, aan te vra voor 30 September 2011. Na gelang van die aantal aansoeke sal die komitee u in kennis stel van die tyd en duur van u spreekbeurt. Kontak die dagbestuur by: [vrkomitee@gmail.com](mailto:vrkomitee@gmail.com) Die volledige sakelys sal D.V. bekend gemaak word op 5 Oktober 2011 – sien: [www.volksvergadering.co.za](http://www.volksvergadering.co.za)

#### **Verblyf:**

'n Lys van verblyf is op die webwerf beskikbaar: [www.volksvergadering.co.za](http://www.volksvergadering.co.za)  
Andersins moet u die Orania Beweging skakel by: 053 2070 062; of gastehuise op omliggende dorpe Hopetown, Petrusville, Vanderkloof en Luckhoff.

#### **Groete**

#### Dagbestuur:

Dr. Ronnie van der Merwe, Voorsitter GKK. [cvofraser02@telkomsa.net](mailto:cvofraser02@telkomsa.net)

Flip Swanepoel – [flip.swanepoel@gmail.com](mailto:flip.swanepoel@gmail.com)

Phillip Groenenstein – [vrkomitee@gmail.com](mailto:vrkomitee@gmail.com)